Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

Reëls en -prosedures vir wykskomitees

Die doel van die Reëls en Prosedures vir Wykskomitees is om ‘n raamwerk en riglyne te voorsien aan die raad, administrasie en wykskomitee lede met betrekking tot die instelling en funksionering van wykskomitees.

INHOUD

PARAGRAAF		BLADSY
1.	Toepassing van die Reëls en Prosedure	1
2.	Woordomskrywings	1
3.	Wetlike raamwerk	1
4.	Status van wykskomitees	1
5.	Samestelling van wykskomitees	2
6.	Verkiesingskriteria	2
7.	Nominasie van kandidate	2
8.	Verwerping van nominasies	3
9.	Verkiesing van wykskomiteelede	3
10.	Benoeming en koöptering van wykskomiteelede	3
11.	Openbare en wykskomiteevergaderings	4
12.	Funksies en bevoegdhede van wykskomitees	6
13.	Subkomitees en waarnemers	6
14.	Ampstermyn van lede van wykskomitees	7
15.	Vakatures	7
16.	Gedrag van lede	8
17.	Handhawing van orde tydens wykskomiteevergaderings	8
18.	Kommunikasiemaatreëls	9
19.	Algemene en administratiewe maatreëls	9
20.	Rol van Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede, Voorsitter van Portefeuljekomitees en PV-raadslede	10
21.	Geskiloplossing	10
22.	Ontbinding van wykskomitees	10

1. TOEPASSING VAN REËLS EN PROSEDURES

(1) Hierdie reëls is van toepassing op alle vergaderings van wykskomitees.
(2) Die reëlings van die wyksraadslid/voorsitter met betrekking tot die toepassing of interpretering van hierdie reëls en ander proseduriële aangeleenthede wat nie in hierdie reëls vervat is nie, is finaal en bindend.

2. WOORDOMSKRWYWINGS

In hierdie dokument, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"Lede" persone verkies tot, benoem of gekoöpteer op 'n wykskomitee;
"Munisipale Bestuurder" 'n werknemer van die Munisipaliteit Swartland wat as sulks aangestel is en sluit dit in, vir doeleindes van hierdie reëls, enigiemand deur die Munisipale Bestuurder aangewys of gemagtig om 'n plig in terme van hierdie reëls af te handel of uit te voer;
"Munisipaliteit" die Munisipaliteit Swartland;
"PV-raadslid" 'n proporsioneel verteenwoordigende munisipale raadslid verkies ingevolge artikel 22(1)(a) van die Strukturewet om 'n party in die raad van die Munisipaliteit te verteenwoordig;
"Raad" die raad van die Munisipaliteit;
"Raadslid" 'n lid van die raad van die Munisipaliteit asook 'n lid van die raad van die Weskus Distriksmunisipaliteit wat die Swartland munisipale gebied verteenwoordig;
"Speaker" die raadslid gekies tot voorsitter van die raad of enige ander raadslid wat as voorsitter van die raad waarneem kragtens die Strukturewet;
"Stelselswet" die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, No. 32 van 2000, en enige wysiging daarvan;
"Strukturewet" die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, No.117 van 1998, en enige wysiging daarvan;
"Voorsittende beampte" 'n persoon in beheer van die verkiesing van wykskomiteelede by 'n buitengewone openbare vergadering, welke persoon 'n amptenaar van die munisipaliteit, of 'n onpartydige persoon wat deur die Munisipale Bestuurder vir hierdie doel aangewys is, moet wees;
"Wykskomitee", 'n komitee van 'n munisipale wyk, ingestel ingevolge Deel 4 van Hoofstuk 4 van die Strukturewet; en
"Wyksraadslid", 'n munisipale raadslid verkies ingevolge artikel 22(1)(b) van die Strukturewet om 'n wyk te verteenwoordig.

3. WETLIKE RAAMWERK

Artikel 152(1)(e) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, saamgelees met artikels 72 tot 78 van die Strukturewet, gee 'n regstreekse mandaat aan munisipaliteite om die betrokkenheid van gemeenskappe en gemeenskapsorganisasies in plaaslike owerheidsaangeleenthede aan te moedig en om gemeenskap deelnemende stelsels in te stel.
Artikel 8(g) en (h), 9(f) en 72 van die Strukturewet bemagtig munisipaliteite om wykdeelnemende stelsels in te stel as meganismes om deelnemende demokrasie in plaaslike regering te bevorder.

4. STATUS VAN WYKSKOMITEES

'n Wykskomitee -
(1) Is 'n raadgewende liggaam.
(2) Is 'n verteenwoordigende struktuur van die wyk en nie 'n komitee van die wyksraadslid of die Raad nie.
(3) Is nie polities georiënteer nie.
(4) Is onafhanklik en onpartydig en verrig sy funksies sonder vrees, begunstiging of vooroordeel.

5. SAMESTELLING VAN WYKSKOMITEES

(1) ‘n Wykskomitee bestaan uit -
   (a) die wyksraadslid wat, ingevolge artikel 73(2)(a) van die Strukturewet *ipso facto* voorsitter van die komitee is, en
   (b) tien (10) ander persone.

(2) Die tien (10) lede van ‘n wykskomitee word gekies op grond van geografiese verteenwoordiging, ooreenkomstig die struktuur soos uiteengesit in Bylae A, wat die inwoners van die wyk billik verteenwoordig.

(3) Waar daar ‘n geografiese area ingevolge Bylae A is met meer as een wykskomiteelid, moet die wyksraadslid binne 30 dae na die eerste vergadering van ‘n Wykskomitee die betrokke geografiese area in kleiner geografiese areas opdeel en verkose, benoemde of gekoöpteerde wykskomiteelede toewys aan die onderskeie kleiner geografiese areas.

(4) Geslagsgelykheid moet nagestreef word deur te verseker dat sowel mans en vroue in 'n Wykskomitee geakkommodeer word.

6. VERKIESINGSKRITERIA

Om verkies te mag word as lid van ‘n Wykskomitee, moet ‘n persoon -

(1) As ‘n kieser geregistreer wees op die kieserslys van die wyk (vir hierdie doel sal die nuutste opgedateerde nasionale kieserslys beskikbaar op die Onafhanklike Verkiesingskommissie se databasis gebruik word om te bepaal of ‘n persoon as ‘n kieser geregistreer is of nie).

(2) Nie ‘n raadslid wees nie.

(3) Nie ‘n werknemer van die Munisipaliteit of die Weskus Distriksmunisipaliteit wees nie.

(4) Nie op enige stadium geld aan die Munisipaliteit vir langer as drie (3) maande skuld nie, tensy daar bewys kan word dat reëlings getref is vir die afbetaling van die agterstallige bedrag en sodanige reëlings eerbiedig word vir die duur van die termyn.

(5) Nie ‘n ongerehabiliteerde insolvent wees nie.

(6) Nie genomineer word nie indien so ‘n persoon onder kuratorskap geplaas is.

(7) Nie genomineer word nie indien so ‘n persoon skuldig bevind is aan ‘n misdryf na 1997 en gevangenisstraf, sonder die keuse van ‘n boete, opgelê is.

(8) Enige familiebande met die betrokke wyksraadslid vooraf verklaar.

7. NOMINASIE VAN KANDIDATE

(1) ‘n Persoon moet op ‘n voorgeskrewe vorm, wat van die Munisipale Bestuurder verkry kan word, genomineer word.

(2) Nominasies moet by die Munisipale Bestuurder, Munisipale kantore, Malmesbury ingedien word nie later nie as 17:00 van die dag wat deur die Munisipale Bestuurder vasgestel is as die sluitingsdatum vir die ontvangs van nominasies.

(3) Die sluitingsdatum vir die ontvangs van nominasies mag nie minder as 7 dae of meer as 21 dae voor die datum wat ooreenkomstig paragraaf 11(1)(a) vir die verkiesing van lede van die wykskomitee vasgestel is, wees nie.

(4) Nominasies wat ingedien word, moet vergesel gaan van ‘n geskrewe verklaring, behoorlik onderteken deur die persoon wat aldus genomineer word, wat sodanige persoon se aanvaarding van nominasie te kenne gee.

(5) ‘n Nominasiebrief om ‘n lid van ‘n wykskomitee, soos beoog by paragraaf 5(2), te nomineer, moet voltooi en geteken word deur nie minder nie as 5 persone wat geregistreerde kiesers in daardie wyk is.

(6) ‘n Politieke party, dit wil sê ‘n party geregistreer ingevolge artikels 15 en 15A van die Wet op die Verkiesing van die Verkiesingskommissie No. 51 van 1996, mag nie ‘n persoon soos beoog by die bepalings van subparagraaf (1) nomineer nie.

8. VERWERPING VAN NOMINASIES

Die Munisipale Bestuurder moet nominasies verwerp -

(1) Wat nie aan die bepalings en vereistes van paragrawe 6 en 7 voldoen nie;

(2) Wat deur ‘n politieke party ingedien word.

9. VERKIESING VAN WYKSKOMITEELEDE

(1) By die aanvang van ‘n buitengewone openbare vergadering, soos beoog by die bepalings van paragraaf 11(1) moet die voorsittende beampte -

(a) aan die persone teenwoordig besonderhede bekendmaak van -

(i) nominasies ontvang;

(ii) nominasies verwerp en die redes vir verwerping daarvan;

(iii) die name van die persone wie se nominasies aanvaar is en vir welke geografiese area gelys in Bylae A hul genomineer is;

(b) diegene teenwoordig in te lig oor die samestelling van ‘n wykskomitee ingevolge paragraaf 5.

(2) Verkiesing van lede om 'n spesifieke geografiese area te verteenwoordig -

(a) Indien die toegelate getal nominasies ontvang word vir ‘n bepaalde geografiese area, gelys in Bylae A, word sodanige genomineerde(s) geag behoorlik verkies te wees as ‘n lid of lede van die wykskomitee.

(b) Indien meer nominasies ontvang word vir ‘n bepaalde geografiese area ingevolge Bylae A, vind ‘n stemming plaas ten opsigte van elke sodanige area.

(3) Wanneer ookal ‘n stemming plaasvind om lede vir die verskillende geografiese areas te verkies, sal die genomineerdes wat verkies word, bepaal word deur die genomineerde wat die grootste getal stemme ontvang.

(4) Ingeval van ‘n gelykop stemming, moet die voorsittende beampte by wyse van loting bepaal wie as verkose geag moet word.

(5) ‘n Kieser mag slegs een stem uitbring ten opsigte van die geografiese area waarbinne hy/sy geregistreer is.

(6) Kiesers moet by wyse van stembriefies stem.

(7) Die voorsittende beampte van ‘n vergadering wat gehou word om lede van wykskomitees te kies, moet nadat die stemmery afgehandel is -

(a) die resultate van die stemming verklaar;

(b) die totale getal stemme uitgebring op elkeen van die genomineerdes wat aan die verkiesing deelgeneem het, bekend maak;

(c) seker maak dat die resultate en die getal stemme uitgebring op die betrokke genomineerdes, behoorlik in die notule van die vergadering aangeteken word.

10. BENOEMING EN KOÖPTERING VAN WYKSKOMITEELEDE

(1) Indien daar na afloop van die verkiesing van lede soos beoog by paragraaf (9)(2) minder as vyf lede op die wykskomitee verkies is, moet die Speaker, na behoorlike inagneming van paragrawe 5 en 6 en voordat die eerste wykskomiteevergadering plaasvind, die aantal lede benoem (in oorlegpleging met die betrokke wyksraadslid) wat nodig is om die getal wykskomiteelede tot vyf aan te vul, vir enige van die geografiese areas waarin vakatures bestaan.

(2) Die oorblywende vakatures moet so spoedig moontlik na afloop van die eerste vergadering van die wykskomitee by wyse van koöptering deur die wykskomitee gevul word na behoorlike inagneming van die bepalings van paragrawe 5 en 6.

(3) Ingeval ‘n vakature in die amp van wykskomiteelid gedurende die termyn van ‘n wykskomitee ontstaan, moet die vakature so spoedig moontlik na die rapportering daarvan by wyse van ‘n tussenverkiesing gevul word met behoorlike inagneming van die bepalings van paragrawe 5 en 6.

(4) Indien ‘n wykskomitee vir welke rede ookal in gebreke bly of nie by magte is om ‘n persoon of persone, soos beoog by subparagrawe (2) en (3) binne 45 dae na die datum van sy eerste vergadering of na rapportering van ‘n vakature soos vermeld in subparagrawe (2) en (3), na gelang die

geval, te koöpteer of te verkies om die vakature of vakatures te vul nie, sal die Raad die reg hê om geskikte persone te identifiseer en aan te stel om die vakature of vakatures in sodanige wyk te vul na behoorlike inagneming van die bepalings van paragrawe 5 en 6 hiervan.

11. OPENBARE- EN WYKSKOMITEEVERGADERINGS

(1) Buitengewone Openbare Vergaderings

(a) 'n Buitengewone openbare vergadering van inwoners van 'n wyk vir die uitsluitlike doel om wykskomiteelede te verkies moet deur die Munisipale Bestuurder belê word binne 120 dae na 'n besluit van die Raad ingevolge artikel 72 van die Strukturewet om wykskomitees in te stel.

(b) Enige inwoner van 'n wyk is geregtig om 'n buitengewone openbare vergadering by te woon, maar slegs inwoners wat op die kieserslys vir daardie bepaalde wyk geregistreer is, mag stem (vir hierdie doel sal die nuutste opgedateerde nasionale kierserslys beskikbaar op die Onafhanklike Verkiesingskommissie se databasis gebruik word om te bepaal of 'n persoon as 'n kieser geregistreer is of nie.)

(c) Die voorsittende beampte sal oor enige ordereëling gedurende die vergadering beslis en sy of haar besluit sal finaal wees.

(d) Die kworum vir 'n buitengewone openbare vergadering is die getal geregistreerde kiesers in die wyk wat by daardie bepaalde vergadering teenwoordig is.

(e) Die voorsittende beampte moet toesien dat notule van die verrigtinge van 'n buitengewone openbare vergadering gehou word.

(f) Die Munisipale Bestuurder sal verantwoordelik wees vir die veilige bewaring van die notule van 'n vergadering.

(2) Gewone Openbare Vergaderings

(a) Behalwe vir die wyksraadslid se verpligting ingevolge Skedule 7 van die Strukturewet om ten minste kwartaalliks verslag te doen aan sy/haar kiesafdeling rakende raadsaangeleenthede, insluitende die prestasie van die Munisipaliteit ooreenkomstig vasgestelde teikens, moet 'n gewone openbare vergadering van inwoners van 'n wyk –

(i) ten minste jaarliks gehou word;

(ii) kan, soos en wanneer die behoefte vir so 'n vergadering ontstaan, deur die wyksraadslid belê word;

(iii) moet deur die wyksraadslid belê word by ontvangs in die kantoor van die Munisipale Bestuurder van 'n skriftelike versoek vir so 'n vergadering, geteken deur -

- minstens vyf lede van die wykskomitee, of
- minstens 50 geregistreerde kiesers in die wyk,

waarin die redes vir die versoek en die sake vir bespreking vermeld word.

(b) Die wyksraadslid is die voorsitter van die gewone openbare vergadering.

(c) Indien die wyksraadslid vir welke rede ookal verhinder word om 'n vergadering by te woon of weier of nalaat om so 'n vergadering te belê en/of by te woon, kan 'n ander raadslid soos benoem deur die wyksraadslid of Speaker die pligte van die wyksraadslid vervul, en/of as voorsitter van sodanige vergadering optree.

(d) Die voorsitter sal oor enige ordereëling gedurende die vergadering beslis en sy of haar besluit sal finaal wees.

(e) Die voorsitter moet toesien dat notule van die verrigtinge van 'n gewone openbare vergadering gehou word.

(f) Die Munisipale Bestuurder sal verantwoordelik wees vir die veilige bewaring van die notule van die vergadering.

(g) Openbare vergaderings word hoofsaaklik gehou ten einde -

(i) die besorgdhede en insette van die gemeenskap met betrekking tot dienslewering, algemene ontwikkeling van die gemeenskap, rampbestuur en enige ander munisipale besorgdheid wat die gemeenskap mag hê, aan te hoor;

(ii) terugvoering aan die publiek te gee oor aangeleenthede wat hul affekteer.

(h) Openbare vergaderings is nie politieke platforms nie en die voorsitter by sodanige vergaderings moet toesien dat wykskomiteelede en die publiek hul daarvan weerhou om party politieke verklarings te doen, veldtogte te voer of guns te werf.

(3) Wykskomiteevergaderings

(a) 'n Wykskomitee behoort op 'n maandelikse basis te vergader, maar moet minstens kwartaalliks vergader op 'n geskikte datum en 'n plek wat deur die wyksraadslid, in oorlegpleging met die Speaker en Munisipale Bestuurder, bepaal word.

(b) Die wyksraadslid is die voorsitter van die vergaderings van die wykskomitee.

(c) Indien die wyksraadslid vir welke rede ookal verhinder word om 'n vergadering by te woon of weier of nalaat om so 'n vergadering te belê en/of by te woon, kan enige ander raadslid soos benoem deur die wyksraadslid of Speaker die pligte van die wyksraadslid vervul, en/of as voorsitter van sodanige vergadering optree. Indien 'n wyksraadslid egter hom/haar van bespreking van 'n item voor die komitee moet onttrek, moet hy/sy met enige ander raadslid of 'n ander lid reël om as voorsitter van die vergadering op te tree tydens sodanige onttrekking.

(d) 'n Wykskomitee moet daarna streef om besluite op 'n konsensus grondslag te neem. Indien konsensus oor 'n saak nie bereik kan word nie, moet die aangeleentheid beslis word deur die ondersteunende stem van 'n meerderheid van die lede teenwoordig.

(e) Die kworum vir enige vergadering van die wykskomitee is die lede wat by die betrokke vergadering teenwoordig is.

(f) Stemming vind deur opsteek van hande plaas.

(g) Ingeval van 'n gelykop stemming word die uitslag as sodanig in die notule aangeteken en word die saak aan die toepaslike komitee van die Raad voorgelê vir oorweging.

(h) Alle vergaderings van die wykskomitee sal vir die publiek oop wees. Lede van die publiek mag nie aan die debatte en verrigtinge van die wykskomitee se vergaderings deelneem nie, tensy die voorsitter toestemming aan sodanige persoon verleen het om die komitee toe te spreek en dan slegs op sodanige voorwaardes as wat die voorsitter mag toelaat.

(i) Die voorsitter sal oor enige ordereëling gedurende die vergadering beslis en sy/haar besluit sal finaal wees.

(j) Lede van die komitee moet items wat bespreek moet word, vroegtydig by die voorsitter indien.

(k) Die voorsitter sal verantwoordelik wees om die sakelys vir wykskomiteevergaderings voor te berei.

(l) Die voorsitter moet toesien dat notule van die verrigtinge van wykskomiteevergaderings afgeneem word.

(m) Die Munisipale Bestuurder sal verantwoordelik wees vir die veilige bewaring van die notule van die vergadering.

(n) Geen item op die sakelys van die Munisipaliteit, wat deur die Munisipale Bestuurder of politieke liggaam van die Munisipaliteit as "vertroulik" gemerk is, mag by 'n vergadering van die wykskomitee bespreek word nie.

(o) Indien 'n lid 'n regstreekse of onregstreekse finansiële of persoonlike belang het in 'n saak wat voor die komitee dien, moet tensy die belang dieselfde is as vir enige ander persoon in die wyk, sodanige persoon hom/haar aan sodanige bespreking onttrek.

(p) PV-raadslede, die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede en Voorsitters van Portefeuljekomitees moet toegelaat word om wykskomiteevergaderings by te woon en aan die beraadslagings deel te neem, maar sal nie die reg hê om te stem nie.

(4) Blokvergaderings in geografiese areas

(a) Blokvergaderings, synde die hou van vergaderings binne die onderskeie geografiese areas, word hoofsaaklik gehou om -

(i) die bekommernisse en insette van die gemeenskap met betrekking tot dienslewering, algemene ontwikkeling van die gemeenskap, rampbestuur en enige ander munisipale belang wat die gemeenskap kan hê aan te hoor.

(ii) om terugvoering te gee aan die gemeenskap oor sake wat hulle raak.

(iii) om aktiewe deelname van die gemeenskap in programme en prosesse van die Munisipaliteit aan te moedig en te verseker.

(b) Blokvergaderings moet onder die voorsitterskap van die wykskomiteelid plaasvind wat daardie betrokke geografiese area of kleiner geografiese area verteenwoordig.
(c) Blokvergaderings moet ten minste kwartaalliks gehou word op ‘n geskikte datum en ‘n plek wat deur die wykskomiteelid in oorleg met die wyksraadslid bepaal word.
(d) Blokvergaderings sal oop wees vir die publiek.
(e) Blokvergaderings is nie politieke platforms nie en die voorsitter by sodanige vergaderings moet toesien dat die publiek hul daarvan weerhou om party politieke verklarings te doen, veldtogte te voer of guns te werf;
(f) Die wykskomiteelid moet op die eerskomende wykskomiteevergadering na die kwartaallikse blokvergaderings terugvoering gee.

12. FUNKSIES EN BEVOEGDHEDE VAN WYKSKOMITEES

(1) ‘n Wykskomitee kan -
(a) aanbevelings met betrekking tot enige sake wat die wyk raak aan die wyksraadslid, of deur die wyksraadslid aan ‘n staande komitee van die Raad, maak; en
(b) sodanige pligte en magte hê as wat deur die Raad aan die komitee gedelegeer word in terme van Artikel 59 van die Stelselswet. Geen uitvoerende magte sal egter aan wykskomitees gedelegeer word nie.
(2) ‘n Wykskomitee dien as die amptelike publieke deelnemende struktuur van die Munisipaliteit en moet as sodanig -
(a) die wyksraadslid bystaan met die identifisering van uitdagings en behoeftes van inwoners;
(b) inligting insake munisipale aangeleenthede in die wyk versprei, soos byvoorbeeld in verband met die begroting, die geïntegreerde ontwikkelingsplan (GOP) en diensleweringsopsies;
(c) die insette van inwoners verkry oor munisipale aangeleenthede soos die begroting, geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning en diensleweringsopsies;
(d) hulp verleen aan die Munisipaliteit en wyksraadslid met aksies om betaling van munisipale diensterekeninge te bevorder;
(e) vrae en klagtes van inwoners ontvang in verband met munisipale dienslewering; en
(f) met ander forums en organisasies skakel in verband met aangeleenthede wat die wyk raak.
(3) ‘n Wykskomiteelid kan opdrag vanaf die wyksraadslid ontvang om ‘n belang te verteenwoordig wat ooreenstem met die belange van die Portefeuljekomitees van die Raad ten einde wykskomitees te belyn met die funksies van die Munisipaliteit;
(4) ’n Wykskomiteelid moet ten minste op ’n kwartaallikse basis aan die geografiese area en/of belang wat hy of sy verteenwoordig terugvoering gee oor wyksaangeleenthede.
(5) ‘n Wykskomitee moet jaarliks voor 31 Mei ‘n werksprogram (*Ward Operational Plan*) vir die komende finansiële jaar opstel wat gedurende Julie aan die Speaker voorgelê moet word.
(6) Ingevolge artikel 16(2) van die Stelselswet mag die bogenoemde funksies en bevoegdhede wat aan ‘n komitee verleen word nie uitgelê word nie as synde dit inmenging toelaat met die Raad se reg om te regeer en om sy uitvoerende en wetgewende gesag uit te oefen.

13. SUBKOMITEES EN WAARNEMERS

(1) ‘n Wykskomitee kan, in oorleg met die Speaker een of meer subkomitees instel indien nodig vir die uitvoering van sy funksies.
(2) Subkomitees kan vaste of ad hoc komitees wees.
(3) Die wykskomitee moet die lede van so ‘n subkomitee aanwys, ‘n voorsitter vanuit sy lede aanwys en die opdrag en funksies van die subkomitee bepaal.
(4) Die wykskomitee en subkomitee(s) kan gesamentlik vergader as ‘n wyksforum vir die bespreking van groot aangeleenthede.
(5) Die wykskomitee moet belangegroepe in die wyk aanmoedig om by subkomitees betrokke te raak wat relevant is tot hulle werksterrein.

(6) ’n Wykskomitee mag ’n vaste uitnodiging rig aan ’n maksimum van twee persone wie na hulle mening sal bydra tot ’n beter verteenwoordiging van die komitee, om die wykskomiteevergaderings as waarnemers by te woon.

(7) Die waarnemers in subparagraaf (6) hierbo genoem sal geen stemreg hê nie.

14. AMPSTERMYN VAN LEDE VAN WYKSKOMITEES

(1) Die ampstermyn van 'n lid van die wykskomitee (die wyksraadslid uitgesluit) sal onderworpe aan die bepalings van paragrawe 15 en 22(2) gelyk wees aan die termyn van die Raad.

(2) Lede aanvaar hul amp op die datum waarop hul ingevolge paragraaf 8, paragraaf 9 en/of paragraaf 22(2) hiervan verkies, benoem of gekoöpteer word en lê die amp neer op die datum wat ooreenkomstig paragraaf 10(1)(a) vasgestel word.

(3) Die ampstermyn van die wyksraadslid as lid van die wykskomitee verstryk op die datum waarop sodanige raadslid ophou om raadslid vir daardie wyk te wees.

15. VAKATURES

(1) ‘n Lid ontruim sy/haar amp gedurende die ampstermyn van ‘n wykskomitee, indien so ‘n lid -

(a) skriftelik bedank;

(b) nie langer as ‘n lid ingevolge die bepalings en vereistes vervat in paragraaf 6 hiervan, kwalifiseer nie;

(c) uit die amp verwyder word ooreenkomstig subparagraaf (2); of

(d) sterf.

(2) Die Raad moet ‘n lid uit die amp verwyder, indien so ‘n lid -

(a) sonder ‘n geldige rede en sonder die toestemming van die voorsitter, van drie agtereenvolgende vergaderings van die wykskomitee afwesig was; of

(b) met of sonder toestemming van die komitee van vier vergaderings van die wykskomitee afwesig was deur die loop van een kalender jaar; of

(c) versuim om aktief betrokke te wees in die geografiese area wat aan hom/haar toegeken is, deur na te laat om ten minste een keer per kwartaal op 'n wykskomiteevergadering terugvoering te gee van die bedrywighede van die betrokke geografiese area, ondersteun deur die nodige bewyse bv. agendas, notules, bywoningsregisters, ens.; of

(d) aktief betrokke is, en dit bewys kan word, by veldtogte om die wyksraadslid uit sy/haar amp te verwyder sonder dat griewe teen die wyksraadslid by wykskomiteevergaderings geopper is of skriftelike klagtes aan die Speaker, gerig is; of

(e) sy/haar funksies as lid van ‘n Wykskomitee nie in goeie trou, eerlik en op ‘n deursigtige wyse verrig nie; of

(f) nie te alle tye in die beste belang van die Munisipaliteit optree nie en op so ‘n wyse dat die geloofwaardigheid en integriteit van die Munisipaliteit gekompromitteer word; of

(g) op ‘n wyse optree wat daarop bereken is om die gesag van die wyksraadslid, die wyk- en/of die wykskomitee te ondermyn; of

(h) ‘n misdaad begaan het waarvoor gevangenisstraf, sonder die keuse van ‘n boete, opgelê is vir ‘n periode van nie minder nie as twaalf maande; of

(i) aanhoudend in die administrasie van die Munisipaliteit inmeng; lede moet twee keer gewaarsku en die derde keer verwyder word; of

(j) aanhoudend gewelddadige of beledigende of intimiderende gedrag teenoor ander lede en/of die gemeenskap, openbaar; of

(k) ‘n vergadering onder die invloed van drank en/of onwettige dwelms bywoon; of

(l) ‘n omkoopgeskenk aanvaar het, en dit bewys kan word, van ‘n party wat ‘n belang in ‘n ontwikkelingsprojek vir die betrokke wyk het; of

(m) sy/haar lidmaatskap van die wykskomitee gebruik het, en dit bewys kan word, om guns van enige aard te werf of poog om dit werf; of

(n) geld aan die Munisipaliteit verskuldig is vir meer as drie maande gedurende enige tydperk in sy of haar ampstermyn sonder enige afbetalingsooreenkoms of by versuim om die terme van die afbetalingsooreekoms te eerbiedig.

16. GEDRAG VAN LEDE

(1) 'n Lid van die komitee, ingesluit die wyksraadslid -
   (a) moet die funksies van die komitee ter goeder trou verrig en sonder vrees, begunstiging of vooroordeel;
   (b) mag nie die posisie of voorregte van 'n lid vir private gewin of om 'n ander persoon onbehoorlik te bevoordeel, gebruik nie;
   (c) mag nie op enige wyse optree wat die geloofwaardigheid, onpartydigheid onafhanklikheid of integriteit van die komitee aantas nie;
   (d) moet die beginsel van toerekenbaarheid teenoor die gemeenskap en alle politieke partye wat in die Raad verteenwoordig is, aanvaar;
   (e) moet toeganklik vir die gemeenskap wees en moet toesien dat alle rolspelers aan die proses en sake ter sprake, kan deelneem en dat hul in staat gestel word om insette met betrekking tot die werksaamhede van die komitee te maak;
   (f) moet die beginsel van deursigtigheid aanvaar ten einde openlikheid, opregtheid en eerlikheid tussen alle rolspelers in 'n deelnemende proses te bevorder en moet vertroue en respek vir die integriteit van elke rolspeler en 'n verbintenis deur almal ten opsigte van die oorheersende doelstellings van die proses in die belang van die gemeenskaplike strewe, aanmoedig;
   (g) moet diversiteit erken en, onder meer die verskille wat met ras, geslag, geloof, etnisiteit, taal, ouderdom, ekonomiese status en seksuele oriëntasie geassosieer word, begryp;
   (h) moet ag slaan op alle beskouinge en standpunte in die proses van gemeenskapsdeelname.

(2) Die gedragskode vir wykskomiteelede in Bylae B sal op lede van die komitee van toepassing wees en moet binne 30 dae na sy of haar verkiesing of koöptering afgeteken word.

(3) Indien die meerderheid van lede van 'n wykskomitee op skrif hulle ontevredenheid aan die Speaker te kenne gee van die swak prestasie van die wyksraadslid, sal die gedrag van die betrokke wyksraadslid deur die Speaker ondersoek word in terme van die Gedragskode vir Raadslede.

17. HANDHAWING VAN ORDE TYDENS 'N WYKSKOMITEEVERGADERING

(1) Indien 'n wykskomiteelid hom/haarself wangedra of die verrigtinge van enige vergadering van die Wykskomitee verhinder, belemmer of die beslissing van die voorsitter uitdaag op enige punt van orde of weier om enige aanmerking terug te trek, wanneer so versoek word deur die voorsitter, of hom/haarself skuldig maak aan herhaling van onbetaamlike taal, sal die voorsitter die lid aanmaan om hom/haarself na behore te gedra.

(2) In die geval waar daar 'n voortdurende minagting vir die leiding van die voorsitter is, sal die voorsitter die lid aansê om die vergaderlokaal te verlaat totdat die vergadering verdaag of kan die voorsitter versoek dat die lid verwyder word.

(3) Enige lid wat -
   (a) weier of versuim om uitvoering te gee aan 'n beslissing deur die voorsitter ingevolge die bepalings van paragraaf 17(2), of
   (b) terugkeer na die vergaderplek voordat die vergadering afgesluit is waarvan hy/sy aangesê was om te verlaat, of
   (c) weerstand bied terwyl hy/sy uit die vergaderplek verwyder word, sal skuldig wees aan 'n oortreding en sal 'n formele geskrewe waarskuwing en 'n skorsing vir een vergadering ontvang. Die skorsing van een vergadering sal beskou word as verlof sonder verskoning.

(4) Sou so 'n lid dieselfde oortreding 'n tweede keer begaan, sal hy/sy gediskwalifiseer word as 'n lid van die Wykskomitee.

(5) Indien 'n nie-lid of 'n lid van die publiek hom/haar aan wangedrag skuldig maak, op 'n onbehoorlike wyse gedra of die sake van enige vergadering belemmer, kan die voorsitter gelas dat hy/sy uit die vergaderlokaal verwyder word.

18. KOMMUNIKASIEMAATREëLS

(1) Die Munisipale Bestuurder moet in elke jaar waarin ‘n verkiesing van lede van die wykskomitee moet plaasvind, soos beoog word ingevolge die bepalings van paragraaf 9, ten minste 30 dae voor die sluitingsdatum vir ontvangs van nominasies, soos beoog word ingevolge die bepalings van paragraaf 7(3) ‘n kennisgewing in ‘n nuusblad wat in die munisipale gebied in omloop is, publiseer.

(2) Wanneer ookal ‘n buitengewone openbare vergadering in ‘n wyk belê word, moet die Munisipale Bestuurder in samewerking met die betrokke wyksraadslid, ten minste 10 dae voor die datum vasgestel vir sodanige vergadering, ‘n kennisgewing ten dien effekte in ‘n nuusblad wat in die betrokke gebied in omloop is, publiseer en die tyd, datum en plek van die vergadering asook die doel daarvan aandui en die publiek uitnooi om die vergadering by te woon.

(3) Ingeval ‘n gewone openbare vergadering in ‘n wyk belê word, moet die Munisipale Bestuurder in samewerking met die wyksraadslid, kennis gee van sodanige vergadering op enige wyse wat hulle gerade mag ag.

(4) Ander weë en middele om ‘n openbare vergadering af te kondig hetsy dit ‘n buitengewone of gewone vergadering is, kan insluit radio, sosiale media, bv. facebook of ander toepaslike weë van kommunikasie soos regstreekse posbestellings, plakkate of kennisgewings by sleutelpunte soos klinieke, skole, busstoppe, taxi staanplekke en biblioteke.

(5) Die Munisipale Bestuurder moet skriftelike kennis gee van vergaderings van ‘n wykskomitee, ten minste sewe dae voor die datum vasgestel vir sodanige vergadering, aan al die lede van so ‘n komitee.

(6) Die wyksraadslid moet kwartaalliks aan die Speaker oor die aktiwiteite van die wykskomitee rapporteer ten einde die Speaker in staat te stel om met daardie sake waaraan hy of die Raad aandag moet gee, te handel op 'n wyse soos bepaal deur die Speaker.

19. ALGEMENE EN ADMINISTRATIEWE MAATREëLS

(1) Geen vergoeding is ooreenkomstig die bepalings van artikel 77 van die Strukturewet betaalbaar aan lede van ‘n wykskomitee nie en sal ‘n lid ook nie geregtig wees op terugbetaling van enige uitgawe wat deur hom/haar omgegaan is, hetsy dit uitgawe is wat in die loop van die uitvoering van sy/haar pligte aangegaan is of nie.

(2) Die Raad moet ‘n beleid aanvaar met betrekking tot -

(a) uit-die-sak uitgawes van wykskomiteelede met betrekking tot hulle deelname aan wykskomitees;

(b) die betaling van sodanige uitgawes as wat nodig mag wees om te verseker dat ‘n wykskomitee behoorlik funksioneer;

(c) kapasiteitsbou- en opleidingsprogramme vir wykskomiteelede; en

(d) die vergoeding al dan nie van subkomiteelede en waarnemers in terme van paragraaf 13.

(3) Die Munisipaliteit moet sy personeellede vir administratiewe ondersteuning beskikbaar stel om wyksraadslede en komiteelede by te staan met die vervulling van hul klerikale en administratiewe funksies. In besonder moet personeel beskikbaar gestel word om wyksvergaderings sowel as openbare vergaderings by te woon, onder andere, om notules by vergaderings af te neem en ook om as verkiesingsbeamptes by wykskomiteeverkiesings op te tree.

(4) Die wykskomitee moet wanneer aldus deur die Munisipaliteit versoek, twee persone uit eie geledere kies om op die Swartland Munisipale Advies Forum (SMAF) te dien om die wyke se standpunte te verteenwoordig en om deel te neem wanneer hul deur die Munisipaliteit geraadpleeg word oor aangeleenthede wat die Swartland munisipale gebied in die algemeen affekteer.

20. ROL VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEELEDE, VOORSITTERS VAN PORTEFEULJEKOMITEES EN PV-RAADSLEDE

(1) Die Speaker kan, in oorlegpleging met die Uitvoerende Burgemeester en swepe van die verskillende politieke partye in die Raad, die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede, voorsitters van Portefeuljekomitees en PV-raadslede vir die onderskeie wykskomitees allokeer.

(2) Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede, voorsitters van Portefeuljekomitees en PV-raadslede moet in hul hoedanigheid as lede van die Raad, toegelaat word om vergaderings van enige wykskomitee by te woon en moet toegelaat word om in die beraadslagings deel te neem, maar het nie die reg om te stem nie.

(3) In die algemeen moet Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede, Voorsitters van Portefeuljekomitees en PV-raadslede toegelaat word om met die werk van die wyksraadslede behulpsaam te wees en dit aan te vul.

(4) Beide die wyksraadslid en PV-raadslede moet wedersydse respekvolle werksverhoudinge in ‘n wyk ontwikkel, sodanig dat daar ‘n rol vir die PV-raadslede is, maar aan die ander kant, word van PV-raadslede verwag om die wettige prerogatief van wyksraadslede te respekteer en nie in te meng nie.

21. GESKILOPLOSSING

Die volgende geskiloplossing hanteringsmeganisme moet toegepas word -

(1) Alle moontlike pogings moet aangewend word om die geskil intern te hanteer indien die wyksraadslid nie betrokke is nie.

(2) Wanneer ‘n geskil ontstaan, moet die wyksraadslid ‘n persoon of persone (maksimum twee) aanstel om te poog om die geskil deur mediasie op te los.

(3) Indien die mediasie poging misluk, word die aangeleentheid na die Speaker verwys vir arbitrasie.

(4) Indien die aangeleentheid die wyksraadslid betrek, moet dit regstreeks na die Raad verwys word.

(5) Indien die aangeleentheid die Speaker betrek, moet dit na die Uitvoerende Burgemeester verwys word.

22. ONTBINDING VAN WYKSKOMITEES

(1) Die Raad mag ingevolge artikel 78 van die Strukturewet ‘n wykskomitee ontbind indien die komitee versuim om sy oogmerke te verwesenlik. Die volgende sal as ‘n aanduiding beskou word dat die komitee versuim om sy oogmerk te verwesenlik -
   (a) wanneer dit versuim om drie keer agtereenvolgens te vergader;
   (b) wanneer die lede besluit om te ontbind; en
   (c) wanneer wanadministrasie, bedrog, korrupsie of enige ernstige wanpraktyke in ‘n komitee voorgekom het of voorkom.

(2) Die Raad mag ook ter enige tyd ‘n wykskomitee ontbind indien die grense van ‘n wyk kragtens ‘n afbakeningsproses deur die Afbakeningsraad, tot so ‘n mate gewysig, uitgebrei of verander word dat die betrokke wykskomitee na die mening van die Raad, nie meer as verteenwoordigend van die oorspronklike of die nuut afgebakende wyk, beskou kan word nie. Ingeval van die ontbinding van ‘n wykskomitee ingevolge die bepalings van hierdie paragraaf, sal die Raad verplig wees om die nodige stappe te neem om ‘n nuwe wykskomitee vir sodanige geaffekteerde wyk in te stel en moet die Raad binne 60 dae vanaf die datum van die ontbinding van so ‘n komitee ‘n verkiesing hou ten einde ‘n nuwe verteenwoordigende wykskomitee te verkies. Die ampstermyn van die lede van ‘n nuut verkose wykskomitee, sal ooreenkomstig die bepalings van paragraaf 14(2) saamgelees met paragraaf 11(1)(a), bepaal word.

(3) Die Raad moet skriftelike kennisgewing van ten minste 30 dae aan ‘n wykskomitee gee waarin so ‘n komitee meegedeel word dat die Raad van voorneme is om die komitee te ontbind.

(4) ‘n Komitee sal geag word finaal ontbind te wees wanneer skriftelike kennisgewing gegee onder die handtekening van die Munisipale Bestuurder op die betrokke wyksraadslid beteken word om hom/haar van die Raad se besluit in dié verband in te lig.

BYLAE / *ANNEXURE* A

WYK / *WARD* 1			
Stemdistrik / *Voting District*	**Stemlokaal / *Voting Station***	**Aantal geregistreerde kiesers / *Total registered voters***	**Aantal wykskomiteelede* / *Total ward committee members****
97670010	VGK-saal, Koringberg	762	2
97720016	Moorreesburg Stadsaal	2,180	6
97830074	Broodkraal Gemeenskapsaal	386	1
97830085	Withoogte Ontspanningsaal	223	1
97830096	Middel Swartland Boereverenigingsaal	300	

Totaal / *Total* = 3,851
Norm = 1 lid vir elke 400 geregistreerde kiesers (op- of afgerond en/of aangepas volgens die aantal stemdistrikte)
1 member for each 400 registered voters (rounded and/or adjusted according to the number of voting districts)

* Voorgestelde geografiese verteenwoordiging wat deur die wyksraadslid aangepas kan word, in oorleg met die Speaker.
* *Proposed geographical representation that may be amended by the ward councillor in collaboration with the Speaker.*

BYLAE / *ANNEXURE* A

WYK / *WARD* 2			
Stemdistrik / *Voting District*	**Stemlokaal / *Voting Station***	**Aantal geregistreerde kiesers / *Total registered voters***	**Aantal wykskomiteelede* / *Total ward committee members****
97720027	Koringbedryf Museum, Moorreesburg	845	2
97720038	Rosenhof Gemeenskapsaal	3,486	8

Totaal / *Total* = 4,331
Norm = 1 lid vir elke 400 geregistreerde kiesers (op- of afgerond en/of aangepas volgens die aantal stemdistrikte)
1 member for each 400 registered voters (rounded and/or adjusted according to the number of voting districts)

* Voorgestelde geografiese verteenwoordiging wat deur die wyksraadslid aangepas kan word, in oorleg met die Speaker. /
**Proposed geographical representation that may be amended by the ward councillor in collaboration with the Speaker.*

BYLAE / *ANNEXURE* A

WYK / *WARD* 3			
Stemdistrik / *Voting District*	**Stemlokaal / *Voting Station***	**Aantal geregistreerde kiesers / *Total registered voters***	**Aantal wykskomiteelede* / *Total ward committee members****
97710082	Riebeek-Wes Stadsaal	2,192	7
97830052	Weltevrede Primêre Skool	250	2
97830131	Klein Karnmelksvlei Primêre Skool	295	
97830142	Grootvlei Primêre Skool	258	
97830153	Langgewens Proefplaas	221	
97830210	PPC Ontspanningsaal	322	1

Totaal / *Total* = 3,538
Norm = 1 lid vir elke 400 geregistreerde kiesers (op- of afgerond en/of aangepas volgens die aantal stemdistrikte)
1 member for each 400 registered voters (rounded and/or adjusted according to the number of voting districts)

* Voorgestelde geografiese verteenwoordiging wat deur die wyksraadslid aangepas kan word, in oorleg met die Speaker. /
** Proposed geographical representation that may be amended by the ward councillor in collaboration with the Speaker.*

WYK / *WARD* 4			
Stemdistrik / *Voting District*	**Stemlokaal / *Voting Station***	**Aantal geregistreerde kiesers / *Total registered voters***	**Aantal wykskomiteelede* / *Total ward committee members****
97710071	Riverlands Primêre Skool	728	2
97710138	AME Kerk	1,583	4
97830108	Goedehoop NGK Sendingskool	712	2
97830041	Riverlands Natuurbewaringsaal	340	2
97830186	Bloemendal Primêre Skool	272	
97830232	Phola Park Tent	282	

Totaal / *Total* = 3,927
Norm = 1 lid vir elke 400 geregistreerde kiesers (op- of afgerond en/of aangepas volgens die aantal stemdistrikte)
1 member for each 400 registered voters (rounded and/or adjusted according to the number of voting districts)

* Voorgestelde geografiese verteenwoordiging wat deur die wyksraadslid aangepas kan word, in oorleg met die Speaker.
Proposed geographical representation that may be amended by the ward councillor in collaboration with the Speaker.

BYLAE / *ANNEXURE* A

WYK / *WARD* 5			
Stemdistrik / *Voting District*	**Stemlokaal / *Voting Station***	**Aantal geregistreerde kiesers / *Total registered voters***	**Aantal wykskomiteelede* / *Total ward committee members****
97610025	Darling Metodiste Kerk	1,881	5
97810016	Yzerfontein Gemeenskapsaal	1,775	4
97830030	!Khwa TTu Galery	690	1

Totaal / *Total* = 4,346
Norm = 1 lid vir elke 400 geregistreerde kiesers (op- of afgerond en/of aangepas volgens die aantal stemdistrikte)
1 member for each 400 registered voters (rounded and/or adjusted according to the number of voting districts)

* Voorgestelde geografiese verteenwoordiging wat deur die wyksraadslid aangepas kan word, in oorleg met die Speaker.
Proposed geographical representation that may be amended by the ward councillor in collaboration with the Speaker.

BYLAE / *ANNEXURE* A

WYK / *WARD* 6			
Stemdistrik / *Voting District*	**Stemlokaal / *Voting Station***	**Aantal geregistreerde kiesers / *Total registered voters***	**Aantal wykskomiteelede* / *Total ward committee members****
97610014	VGK Darling	1,752	4
97610036	Morawiese Kerk Darling	1,794	5
97830120	Korhaansrug Primêre Skool	369	1

Totaal / *Total* = 3,915
Norm = 1 lid vir elke 400 geregistreerde kiesers (op- of afgerond en/of aangepas volgens die aantal stemdistrikte)
1 member for each 400 registered voters (rounded and/or adjusted according to the number of voting districts)

* Voorgestelde geografiese verteenwoordiging wat deur die wyksraadslid aangepas kan word, in oorleg met die Speaker.
Proposed geographical representation that may be amended by the ward councillor in collaboration with the Speaker.

BYLAE / *ANNEXURE* A

WYK / *WARD* 7			
Stemdistrik / *Voting District*	**Stemlokaal / *Voting Station***	**Aantal geregistreerde kiesers / *Total registered voters***	**Aantal wykskomiteelede* / *Total ward committee members****
97710060	OJ Erasmus Primêre Skool Kalbaskraal	1,263	3
97710116	Abbotsdale Gemeenskapsaal	1,969	5
97710149	MESS Gebou	544	1
97830164	Welgemeend Gemeenskapsaal	371	1
98430217	Môrewag Plaas	301	

Totaal / *Total* = 4,448
Norm = 1 lid vir elke 400 geregistreerde kiesers (op- of afgerond en/of aangepas volgens die aantal stemdistrikte)
1 member for each 400 registered voters (rounded and/or adjusted according to the number of voting districts)

* Voorgestelde geografiese verteenwoordiging wat deur die wyksraadslid aangepas kan word, in oorleg met die Speaker.
* *Proposed geographical representation that may be amended by the ward councillor in collaboration with the Speaker.*

BYLAE / *ANNEXURE* A

WYK / *WARD* 8			
Stemdistrik / *Voting District*	**Stemlokaal / *Voting Station***	**Aantal geregistreerde kiesers / *Total registered voters***	**Aantal wykskomiteelede* / *Total ward committee members****
97710026	Malmesbury Stadsaal	2,256	6
97710059	Wesbank Sekondêre Skool	1,490	4

Totaal / *Total* = 3,746
Norm = 1 lid vir elke 400 geregistreerde kiesers (op- of afgerond en/of aangepas volgens die aantal stemdistrikte)
1 member for each 400 registered voters (rounded and/or adjusted according to the number of voting districts)

* Voorgestelde geografiese verteenwoordiging wat deur die wyksraadslid aangepas kan word, in oorleg met die Speaker.
* *Proposed geographical representation that may be amended by the ward councillor in collaboration with the Speaker.*

WYK / *WARD* 9			
Stemdistrik / *Voting District*	**Stemlokaal / *Voting Station***	**Aantal geregistreerde kiesers / *Total registered voters***	**Aantal wykskomiteelede* / *Total ward committee members****
97710048	Thusong Sentrum Ilinge Lethu	3,302	6
97710150	IlingeLethu Sekondêre Skool	1,495	4

Totaal / *Total* = 4,797
Norm = 1 lid vir elke 400 geregistreerde kiesers (op- of afgerond en/of aangepas volgens die aantal stemdistrikte)
1 member for each 400 registered voters (rounded and/or adjusted according to the number of voting districts)

* Voorgestelde geografiese verteenwoordiging wat deur die wyksraadslid aangepas kan word, in oorleg met die Speaker.
* *Proposed geographical representation that may be amended by the ward councillor in collaboration with the Speaker.*

BYLAE / *ANNEXURE* A

WYK / *WARD* 10			
Stemdistrik / *Voting District*	**Stemlokaal / *Voting Station***	**Aantal geregistreerde kiesers / *Total registered voters***	**Aantal wykskomiteelede* / *Total ward committee members****
97710015	NGK Swartland Noord	2,691	6
97710037	Schoonspruit Hoërskool	1,850	4

Totaal / *Total* = 4,541
Norm = 1 lid vir elke 400 geregistreerde kiesers (op- of afgerond en/of aangepas volgens die aantal stemdistrikte)
1 member for each 400 registered voters (rounded and/or adjusted according to the number of voting districts)

* Voorgestelde geografiese verteenwoordiging wat deur die wyksraadslid aangepas kan word, in oorleg met die Speaker.
* *Proposed geographical representation that may be amended by the ward councillor in collaboration with the Speaker.*

WYK / *WARD* 11			
Stemdistrik / *Voting District*	**Stemlokaal / *Voting Station***	**Aantal geregistreerde kiesers / *Total registered voters***	**Aantal wykskomiteelede* / *Total ward committee members****
97710105	Wesbank Gemeenskapsaal	1,236	3
97710127	Binnehuise Sport Sentrum	3,052	7

Totaal / *Total* = 4,288
Norm = 1 lid vir elke 400 geregistreerde kiesers (op- of afgerond en/of aangepas volgens die aantal stemdistrikte)
1 member for each 400 registered voters (rounded and/or adjusted according to the number of voting districts)

* Voorgestelde geografiese verteenwoordiging wat deur die wyksraadslid aangepas kan word, in oorleg met die Speaker.
* *Proposed geographical representation that may be amended by the ward councillor in collaboration with the Speaker.*

WYK / ***WARD*** **12**			
Stemdistrik / ***Voting District***	**Stemlokaal /** ***Voting Station***	**Aantal geregistreerde kiesers /** ***Total registered voters***	**Aantal wykskomiteelede /** ***Total ward committee members****
97710093	Esterhof CUM Bewaarskool	2,855	8
97830018	Goedgedacht Jeugsentrum	453	1
97830209	Anne Pienaar Primêre Skool, Jakkalsfontein	720	1

Totaal / *Total* = 4,028
Norm = 1 lid vir elke 400 geregistreerde kiesers (op- of afgerond en/of aangepas volgens die aantal stemdistrikte)
1 member for each 400 registered voters (rounded and/or adjusted according to the number of voting districts)

* Voorgestelde geografiese verteenwoordiging wat deur die wyksraadslid aangepas kan word, in oorleg met die Speaker.
* *Proposed geographical representation that may be amended by the ward councillor in collaboration with the Speaker.*

BYLAE B

Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

GEDRAGSKODE
VIR
WYKSKOMITEELEDE

Inhoudsopgawe

1. VOORREDE 1
2. DOELSTELLINGS VAN DIE GEDRAGSKODE 1
3. AANSPREEKLIKHEID 1
4. FUNKSIES VAN WYKSKOMITEELEDE 2
5. ALGEMENE BEGINSELS VAN GOEIE BEHEER WAARAAN WYKSKOMITEELEDE MOET VOLDOEN 2
5.1 GEMEENSKAPSBELANG 2
5.2 INTEGRITEIT 2
5.3 OBJEKTIWITEIT 2
5.4 AANSPREEKLIKHEID 2
5.5 GEREELDE TERUGVOERING 2
5.6 DEURSIGTIGHEID 2
5.7 KONSENSUS 2
5.8 LEIERSKAP 3
5.9 BATHO PELE 3
5.10 OPENBARE DEELNAME 3
5.11 VERGADERINGS 3
5.12 DRA VAN POLITIEKE DRAG BY WYKSKOMITEEVERGADERINGS 3
5.13 SANKSIES VIR NIEBYWONING VAN VERGADERINGS 3
5.14 GESKILLE 3
5.15 VERBINTENIS DEUR WYKSKOMITEELEDE 4

1. VOORREDE

Wykskomiteelede word verkies as verteenwoordigers van die geografiese gebiede wat in die gemeenskap in hul wyk verteenwoordig word. Hulle moet verslag doen oor sake wat hul wyk beïnvloed of wat deur die Munisipaliteit vereis word. Dit word deur hul wyksraadslede in ooreenstemming met die prosesse soos bepaal deur die Munisipaliteit uitgevoer. Hierdie gedragskode lys die verantwoordelikhede van wykskomitees en maak aanbevelings rakende standaarde van etiese gedrag waaraan elke lid van 'n wykskomitee moet voldoen. Hierdie standaarde is van toepassing op wykskomiteelede wanneer hulle met die volgende omgaan:

(a) Die wyksraadslid van hul wyk en alle ander raadslede van die Munisipaliteit.

(b) Ander wykskomiteelede.

(c) Die gemeenskap wat in die wykskomitee verteenwoordig word.

(d) Die kiesers van die Munisipaliteit, met inbegrip van die burgerlike samelewing, vakbonde, NRO's, kwesbare gemeenskappe en ander rolspelers in die wyk.

(e) Diensverskaffers van die Munisipaliteit wat dienste in die wyk lewer, waar benodig.

(f) Tradisionele leiers, waar van toepassing.

(g) Ander belanghebbendes.

2. DOELSTELLINGS VAN DIE GEDRAGSKODE

Die doelstellings van die gedragskode is om:

(a) Die funksies van 'n lid van 'n wykskomitee uiteen te sit en die standaarde van integriteit en gedrag te spesifiseer wat deur wykskomiteelede in hul rol ter bystand van die Munisipaliteit in die bereiking van sy doelstellings en standaarde, in ooreenstemming met sy Geïntegreerde Ontwikkelingsplan, gehandhaaf moet word.

(b) Die publiek van die verantwoordelikhede van wykskomiteelede in 'n spesifieke wyk in te lig.

(c) Die beeld, geloofwaardigheid en aanspreeklikheid van die Raad teenoor die gemeenskap in 'n spesifieke wyk waar so 'n lid dien, te bevorder.

(d) Vertroue, respek en samewerking tussen lede van die wykskomitee en alle lede van die gemeenskap wat in die wykskomitee verteenwoordig word, te handhaaf.

3. AANSPREEKLIKHEID

Lede van wykskomitees is hoofsaaklik aanspreeklik teenoor die gemeenskap wat hulle verkies. Lede van wykskomitees word ook vereis om ingevolge die Nasionale Raamwerk: Kriteria vir die Bepaling van Vergoeding Betaalbaar aan Wykskomiteelede, 2009, en enige bykomende beleide en raamwerke in hierdie verband wat deur Swartland Munisipaliteit aanvaar is, op te tree.

4. FUNKSIES VAN WYKSKOMITEELEDE

Die funksies van wykskomitees is om die verkose wyksraadslid doeltreffend te ondersteun, hul gemeenskap te dien en die funksies uit te voer soos uiteengesit in Swartland Munisipaliteit se Reëls en Prosedures vir Wykskomitees.

5. ALGEMENE BEGINSELS VAN GOEIE BEHEER WAARAAN WYKSKOMITEELEDE MOET VOLDOEN

5.1 GEMEENSKAPSBELANG

Lede van wykskomitees moet daarna streef om die gemeenskap waaruit hulle verkies is se beste belange te dien, deur munisipale programme aan te beveel wat gemeenskapsgesentreerd, -gedrewe en -geïmplementeer is, en erkenning te gee aan enige diversiteit in die wyk.

5.2 INTEGRITEIT

Lede van wykskomitees moet te alle tye met integriteit optree in die uitvoering van hul funksies, sonder vrees, voorkeur of partydigheid. Lede mag nie hul posisies as wykskomiteelede gebruik vir private gewin of om enige derde party onbehoorlik te bevoordeel nie.

5.3 OBJEKTIWITEIT

Lede van wykskomitees moet aanbevelings na meriete maak, gegrond op die mandaat wat van hul wyk ontvang is. Hulle mag nie op enige manier optree wat die geloofwaardigheid, onpartydigheid of onafhanklikheid van hul wykskomitee in gedrang sal stel nie.

5.4 AANSPREEKLIKHEID

Lede is aanspreeklik teenoor die wykskomitee wat hulle dien.

5.5 GEREELDE TERUGVOERING

Die wyksraadslid en lede van die wykskomitees is verantwoordelik vir terugvoering aan die gemeenskap en die kiesers in hul wyk.

5.6 DEURSIGTIGHEID

Lede van wykskomitees moet deursigtigheid bevorder en moet oop en eerlik wees oor hul optrede en dié van die wyksraadslid en moet navrae deur die gemeenskap verwelkom, waardeur vertroue en respek tussen rolspelers geskep word.

5.7 KONSENSUS

Lede van wykskomitees moet optree op die grondslag van konsensus wat in die gemeenskap bereik is. Met gebrek aan konsensus sal 'n meerderheidsbesluit geld.

5.8 LEIERSKAP

Lede van wykskomitees moet leierskap aan die wyk bied en 'n goeie voorbeeld van verantwoordelike burgerskap stel.

5.9 BATHO PELE

Lede van wykskomitees moet die Batho Pele-beginsels toepas wanneer hulle met lede van die publiek te doen kry.

5.10 OPENBARE DEELNAME

Lede van wykskomitees moet openbare deelname en plaaslike demokrasie in hul optrede verdiep en versterk.

5.11 VERGADERINGS

Lede van wykskomitees moet voldoen aan die raamwerk soos deur die Munisipaliteit daargestel. Wykskomiteelede moet alle vergaderings bywoon, tensy 'n verskoning nie minder nie as vier-en-twintig uur voor sodanige vergadering aan die wyksraadslid voorgelê is.

5.12 DRA VAN POLITIEKE DRAG BY WYKSKOMITEEVERGADERINGS

Lede van wykskomitees word aangemoedig om nie enige simbole, T-hemde of wapens van politieke partye na wykskomiteevergaderings te dra nie.

5.13 SANKSIES VIR NIEBYWONING VAN VERGADERINGS

Sou 'n wykskomiteelid versuim om drie agtereenvolgende geskeduleerde vergaderings sonder enige vooraf verskoning by te woon, of versuim om enige van sy/haar ander funksies uit te voer soos hier bo uiteengesit, moet 'n verslag aan die Raad voorgelê word.

5.14 GESKILLE

Wykskomiteelede moet konflik onder hulself asook tussen hulself en die wyksraadslid vermy. In geval van 'n geskil sal die prosedures soos uiteengesit in die Reëls en Prosedures vir Wykskomitees van Swartland Munisipaliteit gevolg word.

5.15 Verbintenis deur wykskomiteelede/...

5.15 VERBINTENIS DEUR WYKSKOMITEELEDE

Ek ..... verklaar plegtig:

Ek beloof om in die beste belange van wyk .... en Swartland Munisipaliteit op te tree en sogenaamde belange te bevorder. Ek bevestig dat ek in die jurisdiksie van Swartland Munisipaliteit woon, en dat ek 'n toegewyde inwoner en geregistreerde kieser van genoemde wyk is.

Ek verklaar voorts dat ek die gedragskode vir wykskomiteelede gelees het en dit verstaan.

Ek verbind my tot bywoning van vergaderings van die wykskomitee en die reël en bywoning van blokvergaderings ten einde die betrokke geografiese area te verteenwoordig.

Ek het hierdie gedragskode ongestoord en vrylik bestudeer en ek kan nie op onkunde daarvan aanspraak maak nie. Ek stem ten volle in dat ek gebind sal wees deur die gedragskode in die uitvoering van my pligte en funksie as 'n lojale en gedissiplineerde lid van my wykskomitee.

Handtekening:.....

Onderteken te ..... op hierdie ..... dag van ..... 2022.

Getuie 1

Naam: .....

Handtekening:.....

Datum: .....

Getuie 2:

Naam: .....

Handtekening:.....

Datum: .....

....

Munisipale Bestuurder **Datum**